Huis HOKAAI! – Kusweg 54 verbouings - Reaksie op brief in Overstrand Herald van 21 Julie

Met verwysing na Overstrand Herald van 21 Julie 2016, Briewe op bladsy 10, waarin 'n naamlose persoon onder die skuilnaam Voornemende belegger onder die opskrif "Verstaan nie mooi nie," krities staan teenoor die verbouings aan Erf 4368, Kusweg 54. Trouens, Voornemende belegger dring daarop aan dat: "die munisipaliteit moet verduidelik wat daar aan die gang is" en dat: "'n Dringende ondersoek moet gedoen word na of dit wat nou daar aan die gang is toelaatbaar is?".

Ek gaan die briefskrywer, voornemende belegger, se negatiewe inslag en slotaanmerking: "Hoeveel suurlemoensap drup hier..." ignoreer en eerder van die geleentheid gebruik maak om vir die gemeenskap konstruktiewe inligting te verskaf ten opsigte van hierdie spesifieke projek se goedkeuringsproses sowel as om die bewaringsbenadering te belig.

Goedkeuringsproses - Erf 4368, Kusweg 54, Kleinmond is ouer as sestig jaar en aktiveer dus die Nasionale Erfenishulpbronne Wetgewing 25 van 1999 omrede verbouings deur nuwe eienaar beplan is. Die nodige erfenisverslag is deur myself opgestel (Meester in Filosofie van Bewaring van die Bou-omgewing, UCT sowel as PHP - geakkrediteerde Professionele Erfenispraktisyn), met die nodige voorstelle aan Erfenis Wes-Kaap se BELCOM – Bou-omgewing Komitee, voorgelê vir 'n permit. Die nodige permit vir saaknommer 16022506 is op 17 Maart 2016 uitgereik. Sien volledige erfenisverslag aanlyn:http://raymondsmith.co.za/wp-content/uploads/2016/05/House-Fritz-Erf-4368-Heritage-State.pdf. Hierdie permit is opgeplak op terrein. Neem ook kennis dat alvorens so 'n erfenisverslag aan die Provinsiale Erfenishulpbronne Agentskap, HWC voorgelê word, dit eers vir kommentaar aan die plaaslike geregistreerde erfeniskomitee voorgelê is.

In hierdie geval was dit OHAC – Overstrand Erfenis en Estetiese Komitee wat in Hermanus gesetel is. Die verslag en projekvoorstelle is in Maart 2016 deur genoemde komitee onderskryf en die toepaslike notule is ingesluit met die indiening aan HWC - Erfenis Wes-Kaap.Na afloop van die nodige provinsiale erfenis goedkeuringsproses is die bouplanne aan die Hangklip-Kleinmond munisipaliteit voorgelê vir die normale nasionale bouregulasie goedkeuringsproses. Op 8 April 2016 is Plannommer 29543 deur genoemde owerheid goedgekeur en het die bouproses begin.

Bewaringsbenadering – Alhoewel alle geboue ouer as sestig jaar die Nasionale Erfenishulpbronne Wetgewing 25 van 1999 aktiveer en dus 'n permit van die Provinsiale Erfenishulpbronne Agentskap verlang (in hierdie geval Erfenis Wes-Kaap), om seker te maak dat geen hulpbronne van waarde ondermyn word deur onverantwoordelike verbouings of slopings nie, is sommige geboue reeds identifiseer wat in die opinie van die plaaslike owerheid erfeniswaarde bevat. Huis Hokaai! in Kusweg 54, Kleinmond is so 'n geval en is deur genoemde proses as Graad IIIC klasifiseer (van plaaslike waarde) en op die register

geplaas. Kortliks beteken dit in hierdie spesifieke geval dat die karakter aanbod aan die straatlandskap belangrik is. Met ander woorde - die skaal, proporsie en algemene estetiese bydrae van die straataansigte moet bewaar word. Daar bestaan verskeie bewaringsbenaderings wat deur ICOMOS – International Council on Monuments & Sites (UNESCO bewaringsliggaam) deur hul manifeste en konvensies voorgeskryf word waaroor ek nie in die beperkte ruimte kan skryf nie. Die spesifieke benadering wat met huis HOKAAI! gevolg word, is nie 'n restourasie projek nie, maar 'n "kritieke of waarde gebaseerde benadering". Daar is krities gekyk na wat presies omtrent hierdie struktuur en terrein van erfeniswaarde is om seker te maak dat dit nie ondermyn word nie. Verder is onsensitiewe vorige toevoegings wat die argitektoniese ontwerp ondermyn ook identifiseer en aangespreek. Alle ou houtraam vensters en deure word met dieselfde tipe vervang en nuwe verbouings sal subtiel wees, tog leesbaar as nuut om sodoende nie die indruk te skep dat dit oorspronklik (outentiek) was nie. Dit sou die historiese ervaring verswak. 'n Voorbeeld hiervan is die nuwe aluminiumraamvensters vir die dakvertrek.

Sien twee foto's van huis HOKAAI! voor verbouings geneem in 2015 sowel as foto van model wat die voorgestelde verbouings insluit.

Vir verdere leeswerk oor bewaring van die bou-omgewing en erfenis, besoek gerus www.raymondsmith.co.za/blog/ asook www.sahra.org.za en www.hwc.org.za.

Ten slotte vertrou ek dat huis HOKAAI! as 'n goeie voorbeeld van bewaring vir toekomstige verbouings in Kusweg sal dien.

Raymond Smith
Argitektuur en Erfenispraktisyn (Hoofkonsultant en agent vir die projek)
SACAP geregistreerde Pr.S Arch.T
Lid van: CIA - Kaapse Instituut vir Argitektuur; APHP – Assosiasie vir Professionele Erfenispraktisyns, . ICOMOS-SA – International Council on Monuments & Sites; en VASSA – Vernacular Architecture Society of South Africa.